

Week 4 Dag 5: Die Heilige Gees se rol

Lees Joh 20:11-23

Net wanneer ’n mens hande in die lug wil gooi en uitroep dat dit darem te veel gevra is om soos Jesus gestuur te word, kom Jesus Self tot ons redding. Saam met sy opdrag gee Hy dadelik

ook sy toerusting: die Heilige Gees.

Elke gelowige het reeds die Heilige Gees ontvang. Daaroor skryf Paulus uitvoerig in Romeine 8. Jy kan dit gerus weer ’n keer lees. Die Gees van God woon dus in jou ook, soos Hy aan die eerste dissipels gegee is om hulle te help. Wat verwag jy moet die Heilige Gees in jou lewe doen?

Die maklike antwoord op hierdie vraag is dat die Gees ons help om te glo in Jesus, deurdat Hy ons nuut maak deur die wedergeboorte. Maar dis nie al wat die Gees in ons wil werk nie. Hy wil ons ook help om soos Jesus te word (2 Korintiërs 3:18), en soos Jesus gehoorsaam was aan sy opdrag, ons ook so ons roeping kan uitleef.

Die kerkvader Augustinus het gebid: “Here, gee wat U vra, en vra dan net wat U wil.” En dit is presies wat die Here Jesus doen. Hy rus ons toe deur sy Gees, sodat ons sy opdragte kan uitvoer. Jy is nie op jou eie nie. Moet daarom nie terugdeins nie! Die Gees wat in jou woon, help jou.

> *Gebed: O Gees van God, ek loof U dat U in my kom woon het en toerus dat ek gehoorsaam kan wees.*

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026